MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY HOCKEY

Geagte Hokkie-ouer, 31 Augustus 2021

Ons is baie opgewonde om terug op die hokkieveld te wees.

Oor die afgelope drie weke het ons daarop gefokus om hokkie weer in volle gang te kry. Ons het aan vaardighede en die teorie van die spel gewerk.

As gevolg van Covid-19 is ons in baie opsigte beperk. Ons hoërskool moes eers hul liga voltooi, wat ons gevolglik gedwing het om ’n ander skedule aan te neem. Ons het ook nie vir 2021 ’n vasgestelde liga gehad nie, wat beteken dat ons in ouderdomsverband geoefen het en nie in spanne nie. Ons het besluit om met hierdie groepoefeninge voort te gaan en spelers vir wedstryde te roteer. Dit gee al ons spelers die beste geleentheid vir die volgende seisoen.

Ons onder 13’s sal binnekort oefensessies met die hoërskool begin om die oorgang na hoërskoolspanne te vergemaklik. Die hoërskool sal die onder 13-ouers met meer inligting kontak sodra die besonderhede bevestig is.

Die gewysigde skedule is aangeheg en sal vanaf 6 September 2021 in werking tree.

Ons besef dat daar altyd botsings met ander buitemuurse aktiwiteite sal wees, maar ons het nog altyd ’n manier gevind om dit te hanteer en ons wil graag alle ouers aanmoedig om met die betrokke groepbestuurders in verbinding te tree wanneer daar botsings ontstaan.

Ons sal teen die einde van die kwartaal ’n paar vriendskaplike wedstryde speel. Meer inligting sal nader aan die tyd gestuur word.

Kontak gerus vir die groepbestuurders of Mnr. Brameld via e-pos indien u enige verdere inligting benodig. Al die gewysigde besonderhede kan op die skool se webwerf aangetref word.

Vriendelike groete

Mnr. R. Brameld

Hokkieorganiseerder

Aangepaste Astro Skedule

Tye (Maandag)	Maandag	Tye (Dinsdag en Donderdag)	Dinsdag	Donderdag
14:00 - 15:30	O.10 Dogters O.11 Dogters	14:00 - 15:30	O.10 Dogters O.11 Seuns	O.11 Seuns O.10 Seuns
15:30 – 16:30	Goalies O.10 – O.11 Dogters en Seuns	15:30 - 17:00	O.10 Seuns O.11 Dogters	O.12 Dogters O.12 Seuns
		15:30 – 16:30 Goalies	Goalies O.12 – O.13 Dogters en Seuns	
16:30 - 18:00	O.12 Dogters O.13 Dogters	17:00 - 18:30	O.12 Seuns O.13 Seuns	O.13 Seuns O.13 Dogters